AGRITHAL FLO

WARNINGS

- Do **NOT** plant crops other than onions within 12 weeks of application.
- Eye and skin contact may cause irritation.
- Store away from food, feed, fertilizer and other agricultural products.
- Store in a cool place.
- Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.

Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be effective under all conditions. The activity and effect thereof may be affected by factors such as abnormal climatic and storage conditions, quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the weed against the remedy, as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal, or for lack of performance of the remedy concerned due to failure by the user to follow the label instructions, or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.

PRECAUTIONS

- Do not inhale spray mist.
- Wash with soap and water after use and accidental skin contact.
- Avoid contact with eyes.
- Do not eat, drink or smoke while mixing or applying.
- Avoid drift or spray onto other crops, grazing, rivers, dams and areas not under treatment.
- Clean applicator after use and dispose of wash water where it will not contaminate crops, grazing, rivers and dams.
- Invert the empty container over the spraying or mixing tank and allow it to drain for at least thirty seconds after the flow has slowed down to a drip. Thereafter, rinse the container three times with a volume of water equal to at least 30% of the volume of the container. Add the rinsings to the contents of the spray tank before destroying the container in the prescribed manner.
- **Never** re-use the empty container for any other purpose.
- Empty containers must be destroyed by perforation and flattening and then buried in an approved dump site.
- Prevent contamination of food, feed, drinking water and eating utensils.

USE RESTRICTIONS

- Consult the sales agent of your local Distributor for on farm advice before using **AGRITHAL FLO.**
- Do not apply to any crop or situation not mentioned in this label.
- Do not apply this product in combination or tank mixture with any other product or agricultural remedy which is not specifically listed on this label. Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd accepts no responsibility for any negative effects experienced if the instructions on this label are not adhered to, unless a Meridian representative was consulted beforehand.

RESISTANCE WARNING

For resistance management, **AGRITHAL FLO** is a group code K1 herbicide. Any weed population may contain individuals naturally resistant to **AGRITHAL FLO** and other group code K1 herbicides. The resistant individuals can eventually dominate the weed population if these herbicides are used repeatedly. These resistant weeds may not be controlled by **AGRITHAL FLO** or any other group code K1 herbicide.

To prevent herbicide resistance:

- Avoid excessive repeated use of herbicides from the same herbicide group code. Alternate or tank mix with registered products from different herbicide group codes.
- Integrate other control methods (chemical, cultural, biological) into weed programmes.

For specific information on resistance management contact the registration holder of this product.

The presence of resistant weeds is difficult to detect prior to use and therefore neither the Registration Holder nor the Distributor can accept responsibility for any losses as a result of **AGRITHAL FLO** not controlling resistant weeds. Do not apply **AGRITHAL FLO** alone in situations where weed resistance

has been confirmed. Sub-standard application of **AGRITHAL FLO** or other group code K1 herbicides will lead to inferior weed control and may assist in development of herbicide resistance.

DIRECTIONS FOR USE
Use only as directed.

MIXING INSTRUCTIONS

Half-fill the spray tank with suitable water, then add the required amount of **AGRITHAL FLO** to the water in the tank while agitating. Fill the spray tank to the desired volume. Should tank mixtures with other herbicides be made, follow the respective manufacturers' label recommendations. **Tank mixtures must be sprayed out immediately and not allowed to stand in the spray tank overnight.** Spraying equipment must be thoroughly flushed out at the end of the spraying operation.

APPLICATION METHODS

Ensure that the equipment is correctly calibrated and is checked regularly during application to ensure even and accurate application.

Ground application:
Knapsack sprayers or tractor mounted boom sprayers may be used. A spray volume of 200 – 500 ℓ/ha should be used for ground application and can be applied via solid- or hollow cone nozzles. **Constant agitation throughout the spray operation is essential**. Only clean water should be used. Prevent overdosing by avoiding overlapping of swaths and closing the nozzles while starting, slow movement, turning and stopping.

Since **AGRITHAL FLO** is ONLY effective when applied before weed seed germination occurs, the soil should be NEWLY CULTIVATED prior to **AGRITHAL FLO** application to provide a weed-free and uniform surface without clods.

AGRITHAL FLO should be applied with a motorized spray pump with adequate and efficient agitation.

Low temperatures may lead to failure of the product to perform satisfactorily.

RECOMMENDATIONS

Best results are obtained when **AGRITHAL FLO** is applied to WET SOIL or WASHED INTO THE SOIL with sprinkler irrigation immediately after application (minimum of 10 mm to maximum 25 mm). **AGRITHAL FLO** controls a wide range of annual weeds by killing germinating seeds. It does not control established weeds and should be applied to a WEED-FREE seedbed or land. Poor, diseased seeds or seedlings may be adversely affected by **AGRITHAL FLO**.

CROP	AGRITHAL FLO (ℓ/ha)	SOIL TYPE	TIMING OF APPLICATION
Onions Seeded	12.0 14.0 16.0	0 – 10 % clay 10 – 20 % clay above 20 % clay	Apply uniformly to the soil after the seed has been sown and covered. See **Remark** below.
Transplanted and bulb planted	12.0 14.0 16.0	0 – 10 % clay 10 – 20 % clay above 20 % clay	Apply within one day of transplanting. **AGRITHAL FLO** can be sprayed directly over the transplants without injury.
Lettuce Transplanted seedlings	12.0 14.0 16.0	0 – 10 % clay 10 – 20 % clay above 20 % clay	Apply within one day of transplanting. **AGRITHAL FLO** can be sprayed directly over the transplants without injury.
Cole crops (cabbage, cauliflower and Brussels sprouts**)** Transplanted seedlings	12.0 14.0 16.0	0 – 10 % clay 10 – 20 % clay above 20 % clay	**Summer rainfall area:** Apply within one day of transplanting. **AGRITHAL FLO** can be sprayed directly over the transplants without injury.

Remarks
The use of **AGRITHAL FLO** under the following conditions may lead to a reduced stand of direct seeded onions:

a) If damping-off of seedlings occur.
b) High temperatures.
c) Shallow planting.
d) Soils that tend to form clods.
e) When buffering or acidifying products containing wetters or penetrators are used.

BROADLEAF WEEDS CONTROLLED BY AGRITHAL FLO:

Amaranthus hybridus	Cape Pigweed
Chenopodium album.	White Goosefoot
Euphorbia spp.	* Spurge
Physalis angulata	* Wild Gooseberry
Portulaca oleracea	Purslane
Richardia brasiliensis	Richardia
Stellaria media	Chickweed

* Require slightly higher rates under adverse climatic and soil conditions. However, do not exceed 14 ℓ/ha on light, 16 ℓ/ha on medium and 18 ℓ/ha on heavy soils.
Galinsoga and other weeds in the *Compositae* family are generally not satisfactorily controlled.

GRASS WEEDS CONTROLLED BY AGRITHAL FLO:

Dactyloctenium aegyptium	Crowfoot Grass
Digitaria sanguinalis	Crab Fingergrass
Eleusine coracana	Goose Grass
Eragrostis spp.	Love Grass
Panicum schinzii	Sweet buffalo grass
Poa annua	Annual Bluegrass
Setaria verticillata	Bur Bristlegrass
Tragus racemosus	Carrotseed Grass
Urochloa panicoides	Garden Urochloa

- Planting into a firm and fine seedbed must be preceded by a deep ploughing.
- Situations with high soil organic matter or excessive dead plant material on the soil surface may reduce the length of residual control obtained.
- Reduced residual control of shallower germinating weeds may occur where application of **AGRITHAL FLO** made on soils with low organic matter and/or clay content is followed by heavy rain or irrigation shortly after application.
- Degree of pre-emergence weed control and duration of effect may vary, depending on weed species, environmental conditions and soil conditions.

The registration holder does not accept any liability in respect of the control of unlisted weeds.

WAARSKUWINGS

- **MOENIE** enige ander gewas, behalwe uie, binne 12 weke na toediening plant nie.
- Mag oog- en velirritasie veroorsaak.
- Bêre weg van voedsel, voer, kunsmis en ander landbouprodukte.
- Bêre in ‘n koel plek.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder ‘n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie. Die werking en doeltreffenheid daarvan kan beïnvloed word deur faktore soos abnormale klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van die verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui word nie en die voorkoms van weerstand van die onkruid teen die betrokke middel sowel as die tyd, metode en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordlikheid vir skade aan gewasse, plantegroei en die omgewing of nadelige invloed op mens of dier of vir ‘n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom, of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMAATREËLS

- Moenie spuitnewel inasem nie.
- Was met seep en water na gebruik en toevallige velkontak.
- Vermy kontak met die oë.
- Moenie eet, drink of rook tydens vermenging of toediening nie.
- Voorkom spuitstofwegdrywing na ander gewasse, weiding, riviere, damme en areas wat nie onder behandeling is nie.
- Maak toedieningsapparaat deeglik na gebruik skoon. Raak van waswater ontslae waar dit nie gewasse, weiding, riviere en damme sal besoedel nie.
- Spoel die leë houer drie keer uit op die volgende manier: Keer die leë houer om oor die spuittenk of mengbak en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloei tot ‘n drup verminder het. Spoel die leë houer daarna **drie keer** uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 30% van die inhoud van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer op die voorgeskrewe wyse vernietig word.
- **MOENIE** die houer vir enige ander doel hergebruik nie
- Vernietig leë houers deur gate daarin te maak en dit plat te maak voordat dit na by ‘n goedgekeurde stortingsterrein begrawe word.
- Voorkom besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.

GEBRUIKSBEPERKINGS

- Raadpleeg die verkoopsagent of u plaaslike Verspreider vir op-die-plaas advies voordat **AGRITHAL FLO** gebruik word.
- Moenie op enige gewas of situasie aanwend wat nie in die voorskrifetiket verskyn nie.
- Moenie hierdie produk in kombinasie of tenkmengsel met enige ander produk of landboumiddel gebruik wat nie spesifiek op hierdie etiket gelys is nie. Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk. aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige negatiewe gevolge indien die instruksies op die etiket nie nagekom word nie, tensy ‘n Meridian Agritech verteenwoordiger vooraf geraadpleeg is.

WEERSTANDSWAARSKUWING

Vir weerstandsbetuur is **AGRITHAL FLO** ‘n groepkode K1 onkruiddoder. Enige onkruidpopulasie mag individue insluit wat ‘n natuurlike weerstand teen **AGRITHAL FLO** of enige ander groepkode K1 onkruiddoder het. Indien hierdie onkruiddoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die onkruidpopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende onkruide sal waarskynlik nie deur **AGRITHAL FLO** of enige ander groepkode K1 onkruiddoder beheer word nie.

Om weerstand teen onkruiddoders te vertraag:

- Vermy die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van onkruiddoders met dieselfde groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van, produkte in verskillende onkruiddodergroepkodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in onkruidbeheerprogramme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

Die teenwoordigheid van weerstandbiedende onkruide is moeilik om te bepaal voordat die onkruiddoder toegedien word. Die Registrasiehouer en Verspreider kan dus nie verantwoordelikheid aanvaar vir enige verliese wat mag voortspruit uit swak onkruidbeheer van **AGRITHAL FLO** teen weerstandbiedende onkruidtipes nie. Waar weerstand bekend is, moet **AGRITHAL FLO** nie alleen toegedien word nie. Te lae dosisse **AGRITHAL FLO** of ander groepkode K1 onkruiddoders sal lei tot onbevredigende onkruidbeheer wat kan bydra tot die ontwikkeling van onkruiddoderweerstand.

GEBRUIKSAANWYSINGS
Gebruik slegs soos aangedui.

MENGINSTRUKSIES

Maak die spuittenk halfvol met skoon water en voeg die benodigde hoeveelheid **AGRITHAL FLO** by die spuittenk terwyl tenkmengsel geroer word. Vul die spuittenk met water tot by die verlangde volume. Indien tenkmengsels met ander middels gemaak word, moet die betrokke vervaardiger se etiket gevolg word. **Die tenkmengsel moet onmiddellik uitgespuit word en nie toegelaat word om oornag in die spuittenk te staan nie.** Die spuittoerusting moet aan die einde van toediening deeglik uitgespoel word.

TOEDIENINGSMETODES

Verseker dat die spuittoerusting korrek gekalibreer is en gereeld gedurende toediening nagegaan word om egalige en akkurate toediening te verseker.

Grondtoediening:
Rugsakspuite of ‘n konvensionele spuitbalk kan gebruik word. ‘n Totale spuitvolume van 200 – 500 ℓ/ha moet gebruik word vir grondtoediening en dit kan met soliede- of holkeëlspuitpunte toegedien word. **Die mengsel moet aanhoudend en deeglik tydens toediening geroer word**. Gebruik slegs skoon water. Verhoed oordosering deur oorvleueling van spuitbane en sluit die spuitpunte af wanneer die stelsel aangeskakel, stadig beweeg, draai en tot stilstand kom.

Aangesien **AGRITHAL FLO** SLEGS effektief is wanneer toediening gemaak word voordat onkruidsaad ontkiem het, moet die grond VARS BEWERK wees voordat die **AGRITHAL FLO** toediening gemaak word om ‘n onkruidvrye en egalige oppervlak, sonder kluite, te verseker.

AGRITHAL FLO behoort met ‘n gemotoriseerde spuitpomp met voldoende en effektiewe roering, toegedien te word.

AANBEVELINGS
Die beste resultate word verkry indien **AGRITHAL FLO** op NAT GROND toegedien word, of met sprinkelbesproeiing direk na toediening, IN DIE GROND INGEWAS word (minimum van 10 mm tot maksimum 25 mm).
AGRITHAL FLO beheer ‘n wye verskeidenheid eenjarige onkruide deur ontkiemende sade dood te maak. Dit beheer nie gevestigde onkruide nie en moet daarom op ‘n ONKRUIDVRYE saadbed toegedien word. Swak, sieklike sade of saailinge sal nadelig deur **AGRITHAL FLO** geaffekteer word.

GEWAS	AGRITHAL FLO (ℓ/ha)	GRONDTIPE	TYD VAN TOEDIENING
Uie Gesaai	12.0 14.0 16.0	0 – 10 % klei 10 – 20 % klei bokant 20 %klei	Dien eenvorming op die grond toe nadat die saad geplant en toegegooi is. Sien **NOTA** hieronder.
Saailinge en geplante knolle	12.0 14.0 16.0	0 – 10 % klei 10 – 20 % klei bokant 20 % klei	Dien binne een dag na uitplant toe. **AGRITHAL FLO** kan direk oor die uitgeplante uie gespuit word sonder enige skade aan die plante.
Blaarslaai Uitgeplante saailinge	12.0 14.0 16.0	0 – 10 % klei 10 – 20 % klei bokant 20 % klei	Dien binne een dag na uitplant toe. **AGRITHAL FLO** kan direk oor die uitgeplante saailinge gespuit word sonder enige skade aan die plante.

Koolgewasse (kool, blomkool en Brusselse spruite) Uitgeplante saailinge	12.0 14.0 16.0	0 – 10 % klei 10 – 20 % klei bokant 20 %klei	**Somerreënval gebied:** Dien binne een dag na uitplant toe. **AGRITHAL FLO** kan direk oor die uitgeplante saailinge gespuit word sonder enige skade aan die plante.

NOTA:
Die gebruik van **AGRITHAL FLO** onder die volgende toestande mag lei tot uitdunning (verlaagde stand) van gesaaide uie:

a) Indien verwelksiekte by saailinge voorkom.
b) Hoë temperature.
c) Te vlak uitplant.
d) Grond wat geneig is om kluite te vorm.
e) Indien buffers of versuringsprodukte, wat benatters of penetreerders bevat, gebruik word.

BREËBLAARONKRUIDE WAT DEUR AGRITHAL FLO BEHEER WORD:

Amaranthus hybridus	Doringmisbredie
Chenopodium album	Hondebossie
Euphorbia spp.	* Melkkruid-tipes
Physalis angulata	* Wilde-appelliefie
Portulaca oleracea	Porslein
Richardia brasiliensis	Richardia
Stellaria media	Sterremuur

* Dien effens hoër dosisse toe onder ongunstige klimaats- en grondtoestande. Moet egter nie ‘n dosis van 14 ℓ/ha op ligte, 16 ℓ/ha op medium en 18 ℓ/ha op swaar gronde oorskry nie. *Galinsoga* en ander onkruide in die *Compositae* familie word oor die algemeen nie na wense beheer nie.

GRASONKRUIDE WAT DEUR AGRITHAL FLO BEHEER WORD:

Dactyloctenium aegyptium	Hoenderspoor
Digitaria sanguinalis	Kruisvingergras
Eleusine coracana	Jongosgras
Eragrostis spp.	Eragrostis
Panicum schinzii	Vleibuffelsgras
Poa annua	Eenjarige blougras
Setaria verticillata	Klitsborselgras
Tragus racemosus	Wortelsaadgras
Urochloa panicoides	Beesgras

- Plant in 'n ferm en fyn saadbed wat deur 'n diep ploeg voorafgegaan is.
- Situasies met hoë organiese grondinhoud of oormatige dooie plantmateriaal op die grondoppervlak kan die tydperk van residuele beheer van **AGRITHAL FLO** verminder.
- Verminderde residuele beheer van vlak ontkiemende onkruide kan plaasvind waar toediening van **AGRITHAL FLO** op gronde met lae organiese materiaalinhoud en/of lae klei persentasie, deur swaar reën of besproeiing kort na toediening, gevolg word.
- Die mate van vooropkoms-beheer en na-werkende effek kan wissel afhangend van onkruidspesie, omgewingstoestande en grondtoestande.

Die registrasiehouer aanvaar geen aanspreeklikheid ten opsigte van die beheer van ongelyste onkruide nie.